basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2020(2)

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

## NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1.1**

| **(i) Bereken: Drawaarde van voertuie voorhande op 1 Maart 2020** | | |
|---|---|---|
| | **Bewerkings** | **Antwoord** |
| | 460 000 – 396 750 | 63 250✓✓ |

2

| **(ii) Bereken: Waardevermindering op voertuie vir die jaar** | | |
|---|---|---|
| | **Bewerkings** | **Antwoord** |
| | 25 500 twee punte<br>(510 000 x 15% x 4/12) ✓ ☑ een deel korrek<br>460 000 x 15% = 69 000; DW is 63 250<br>Waardevermindering is dus: 63 250 – R1 = 63 249 ✓✓ | 25 500 + 63 249<br>twee punte twee punte<br>88 749 ☑<br>een deel korrek |

5

| **(iii) Bereken: Drawaarde van toerusting verkoop** | | |
|---|---|---|
| | **Bewerkings** | **Antwoord** |
| | 360 0000 - 285 000 - 41 080 2 punte<br>75 000✓ – 36 600 ✓– 4 480✓<br>OF: 75 000✓ – (36 600 ✓+ 4 480✓) | 33 920 ☑<br>een deel korrek |

4

**1.1.2**

| **Bereken: Wins/Verlies met verkoop van toerusting** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| Sien (iii) hierbo<br>40 000 – 33 920<br>OF<br>-40 000 + 75 000 – 41 080 | As 40 000 - (iii)<br>Geen deelpunte<br>6 080 ☑☑ |

2

**1.2**

| **Bereken: Handelsvoorraadtekort** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 18 twee punte<br>✓ ✓ ✓<br>(280 - 262) x 4 050<br><br>280 een punt 262 een punt 4 050 een punt<br>(280 x 4050) – ( 262 x 4 050)<br>1 134 000 1 061 100 | R72 900☑#<br><br># as x 4 050 |

4

**LET WEL:** Die betrokke syfers hierbo bereken moet na die Staat van Omvattende Inkomste oorgedra word.

**1.3 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021**

Ignoreeer hakies - kontroleer of berekening korrek is
# ken ook van onder na bo toe as kvv berekening gedoen is *een deel korrek

| | | |
|---|---|---|
| **Verkope** 15 325 200 ✓✓– 648 000 ✓ OF( 6 966 000 x 1,2) +6 966 000 -648 000 ( 6 966 000 x 2,2) | 14 677 200 | ☑*# |
| **Koste van verkope** | **(6 966 000)** | |
| Bruto wins 6 966 000 x 1,2 8 359 200 - 648 000 drie punte as nie toegeken by verkope 5 | 7 711 200 Verkope - kvv | ☑ |
| **Ander inkomste** Bewerking | 175 000 | ☑* |
| Wins met verkoop van bate* sien1.2 verlies sal in B Uitgs getoon word | 6 080 | ☑ |
| Huurinkomste 173 000✓+ 9 000✓ – 14 000 ✓✓ OF 182 000 -14 000 OF 173 000 - 5 000 OF 182 000 x 12 /13 twee punte twee punte een punt drie punte twee punte twee punte | 168 000 | ☑* |
| Voorsiening vir oninbare skulde aans. 7 030 – 6 110 | 920 | ✓☑* |
| **Bruto bedryfswins** Bewerking 10 | Bw +AI 7 886 200 | ☑ |
| **Bedryfsuitgawes** Bewerking | (6 286 200) | ☑* |
| **Lone en salarisse** | **1 468 120** | |
| **Waardevermindering** 31 281 ✓ + 88 749 ☑ sien 1.1.1 (ii) | 120 030 | ☑* |
| Handelsvoorraadtekort sien 1.2 | 72 900 | ☑ |
| Direkteursfooie 3 330 000✓ + 180 000✓✓ of 39/37 3 330 000 x 2/37 90 000 x 39 *Alternatief* 3 330 000 + 135 918 (of x 51/49) = 3 465 918 | 3 510 000 | ☑* |
| Ouditfooie 91 000✓ + 39 000✓✓ of 91 000 / 0,7 of x 100/70 91 000 + (91 000 X 30/70) | 130 000 | ☑* |
| Herstelwerk476 000 + 9 000 as finale syfer 476 000 OF 9 000 is een punt | 485 000 | ✓☑* |
| Oninbare skulde19 200 + 800 as finale syfer as 19 200 of 800 een punt | 20 000 | ✓☑* |
| twee punte een punt twee punte 2 160 19 200 8 640 Advertensies 25 680 ✓ + 2 400✓ – 240✓ (2 400 x 8) + (2 160 x4) | 27 840 | ☑* |
| **Diverse uitgawes** | **452 310** | |
| **Bedryfswins** aanvaar negatiewe bedrag afhangende van syfers in kolom 22 | BBI - BU 1 600 000 | ☑* |
| Rente-inkomste | 25 000 | ✓ |
| **Wins voor rente-uitgawe** bewerking; | BW + Rente 1 625 000 | ☑ |
| **Rente-uitgawe** Wins voor rente uitgawe - NW voor B Aanvaar 'n pos balanseer syfer | (75 000) | ☑ |
| **Netto wins voor belasting** 1 054 000 + IB 1 054 000 x 100 / 68 twee punte | NW + IB 1 550 000 | ☑ |
| Inkomstebelasting vir die jaar 1 054 000 x 32/68 As balanseersyfer ken een punt toe | (496 000) | ✓✓ |
| **Netto wins na belasting** 6 | **1 054 000** | |

-1 vreemde item bv BS items (maks -2) vir misplaaste items ken slegs punte vir bewerkings (nie vir finale antwoord)

| |
|---|
| **43** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **60** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | Direkteursverslag ✓ |
| **2.1.2** | Interne ✓ |
| **2.1.3** | Beperk ✓ |

**3**

**2.2 USANDA BEPERK**

**2.2.1**

| **Bereken: Inkomstebelasting betaal** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| (1 777 000 – 1 243 900) een punt<br>69 300 ✓ + 533 100✓ – 19 800 ✓<br><br>Alternatiewe aanbiedings: sien slegs EEN alternatief na<br>-69 300 – 533 100 + 19 800<br>(69 300) + (533 100) + 19 800<br><br>19 800 \| 69 300<br>**582 600** \| 533 100 | R582 600 ☑<br>een deel korrek |

**4**

| **Bereken: Dividende betaal** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 495 000 twee punte<br>247 500 ✓ + (835 000 ✓ – 340 000 ✓)<br><br>Alternatiewe aanbiedings: sien slegs EEN alternatief na<br>-247 500 – 835 000 + 19 800<br>(247 500) + (835 000) + 340 000<br><br>340 000 \| 247 500<br>**742 500** \| 835 000 | R742 500 ☑<br>een deel korrek |

**4**

* een deel korrek # korrekte gebruik van hakies of nie moet getoon word om m punt te kry vir antwoord

**2.2.2**

| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | (2 652 500) ☑* |
|---|---|
| Opbrengs van aandele uitgereik<br>335 000 een punt x R7,00 een punt<br>9 555 000✓ + 2 345 000✓✓ – 11 220 000 ✓<br>**OF** Wees bewus van verskillende metodes bv T-rek of omgekeerde tekens<br>-9 555 000 - 2 345 000 +11 220 000<br>**Let wel**: 50 000 is nie gebruik in die berekeninge nie aangesien die R680 000 die balanseer syfer in die GAK nota is | 680 000 ✓☑*# |
| Fondse gebruik om aandele terug te koop<br>3 182 550 sonder hakie is een punt<br>335 000 x R9,50 | (3 182 500) ✓✓ |
| Verandering in lening<br>2 080 000 – 1 930 000 of 270 000 – 420 000<br>(2 080 000 - 420 000 + 270 000)<br>35 000 x 12 | (150 000) ✓☑*# |

**11**

| | |
|---|---|
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | 56 000 ☑* |
| **Kontant (beginsaldo)** 154 700 – 90 000 moet nie in hakies nie | 64 700 ✓✓ |
| **Kontant (eindsaldo)** | 120 700 ✓ |

**4**

**2.2.3 Bereken finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:**

# LW 100 tel nie as een deel korrek vir die metode punt nie

| **% bedryfswins op verkope** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| $\frac{2\ 262\ 100}{17\ 800\ 000} \times \frac{100}{1}$<br>Uitgedruk as 'n % (teken nie nodig) | een deel korrek<br>12,7%✓☑#<br>aanvaar 12,7 twee punte<br>aanvaar 13 twee punte |
| | **2** |
| **Vuurproefverhouding** | |
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| (659 500 – 276 500) twee punte<br>of (262 300 + 120 700) twee punte<br>383 000✓✓ : 611 900✓ | een deel korrek<br>0,6 :1 ☑<br>Moet nie 1:1 aanvaar nie<br>As x : 1 Nie 0,6 alleen n<br>Aanvaar 0.63:1 |
| | **4** |
| **% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)** | |
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| $\frac{1\ 243\ 900\ ✓}{½\ ✓\ (11\ 985\ 000 + 9\ 891\ 400)\ ✓}$ x 100<br>21 876 400 een punt<br>10 938 200 twee punte<br>Uitgedruk as 'n % (teken nie nodig) Nie 0,114 | een deel korrek<br>11,4%☑<br>11,37% of 11% |
| | **4** |
| **Dividenduitbetalingkoers (%)** | |
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 30 sent of R0,3 + 20 sent of R0,2; een punt elk (aanvaar R of c indien geen teken)<br>Moet konstant wees met berekeninge<br>$\frac{50\ sent\ ✓✓}{74\ sent\ ✓} \times \frac{100}{1}$<br>een punt<br>OF $\frac{R\ 835\ 000}{R1\ 243\ 900} \times \frac{100}{1}$ (2021 Totale div) / (2021 NW n B)<br>twee punte<br>Uitgedruk as 'n % (teken nie nodig) Nie 0,676 | 67,6% ☑#<br>een deel korrek<br>of<br>67,1%<br>aanvaar 67% / 68% |
| | **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **40** |

**VRAAG 3:**

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | C ✓ |
| **3.1.2** | E ✓ |
| **3.1.3** | B ✓ |
| **3.1.4** | A ✓ |

**4**

**3.2** **SCI-FI GEEKS BPK.**

**As kandidate meer aanwysers gee as verwag , -1 vir enige *onvanpaste* een (maks -1) in Vr3,2**

**3.2.1** **Die direkteure is tevrede met die verbetering in die bedryfsverhouding en die vuurproefverhouding. Verduidelik waarom jy van hulle sal verskil. Haal TWEE finansiële aanwysers in jou antwoord aan.**

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers ✓ ✓ Verduideliking ✓✓

deelpunte vir onvolledige/ gedeeltelike/onduidelike antwoord

- Die voorraadhoudingsperiode het verhoog (van 32 dae) tot 102 dae (of 70 dae).
- Gemid debiteure-invorderingstermyn verhoog (van 31 dae) tot 46 dae (15 dae)
- Bedryfsverhouding verhoog (van 1,1:1) tot 2.4:1/ met 1,3:1
- Vuurproefverhouding verhoog (van 0,4:1) tot 1 :1/met 0,6:1

Enige EEN geldige verduideliking; deelpunte vir onvolledige/ onduidelike antwoord

- Te veel likiede bates (kontant) in voorraad toon dat daar 'n oorspandering in voorraad is/ die verskil tussen die bedryfverhouding en vuurproefverhouding toon ophoping van voorraad
- Hoë voorraad volumes veroorsaak sekuriteitsprobleme
- Voorraad kan maklik oortollig raak a.g.v. verbeterde tegnologie wat die voorraad onverkoopbaar maak.
- Die onderneming het die invorderingsbeleide verslap/verwaarloos/grendeltyd tydens Covid 19 en dit impakteer op die debiteure/voorraad/ kontantvloei

**6**

**3.2.2** **Lewer kommentaar op die dividend per aandeel oor die afgelope twee jaar. Haal syfers aan.**

EEN geldige kommentaar ✓ Syfers ✓

Die DPA het verminder van 90 sent tot 72 sent / met 18 sent/ 20%

**2**

**Verduidelik die verandering in die dividendbetalingkoers. Haal syfers aan.**

Verduideliking ✓ syfers ✓

Die dividend-uitbetaalkoers verhoog van 69% (90/130) tot 136,5% of 72/58 (aanvaar 124,1%)/ of 'n 97,8% toename van vorige jaar

**Gee 'n rede vir hierdie verandering**.

Een geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolldige, gedeeltelike of onduidelike antwoord

- Direkteure het gepoog om die aandeelhouers gelukkig te hou vir die lae winsgewendheid
- Vergoeding deur gebruik te maak van vorige jare se behoue inkomste
- Geen planne vir groei/uitbreidings (geen rede om addissionele fondse terug te hou nie)

**4**

**'n Aandeelhouer voel dat hulle tevrede moet wees met die dividende wat hulle ontvang het, aangesien dit beter as verlede jaar is. Verduidelik waarom jy met hom saamstem. Haal syfers aan.**

Verduideliking met 'n vergelyking met 'n ander aanwyser ✓ ✓ Syfers ✓

**Antwoorde vir 3 punte**

- VPA verminder van 130c tot 58c (met 72 sent/55%) maar DPA verminder van 90c tot 72c ( met 18 sent/20%)
- As die beleid gehandhaaf was op 69% van VPA sou hulle 40 sent ontvang.
- Die val in die markprys van 540 sent tot 410 sent toon dividend verdien (DPA/MP) van 17,6% hierdie jr in vergelyking met 16,7 % verlede jaar

**Voorbeelde van antwoorde vir twee punte::**

- Die dividenduitbetaalkoers verhoog van 69% (90/130) tot 136,5% of 72/58 (aanvaar 124,1%) / of 'n 98,4% toename van verlede jaar.

**Voorbeelde van antwoorde vir een punte:**

Die dividenduitbetaalkoers verhoog

**3**

**3.2.3**

**Lewer kommentaar op die risiko en finansiële hefboom vir albei jare. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan.**

Skuld-ekwiteit verhouding verhoog ✓ (van 0,3 : 1) tot 0, 4: 1 ✓ (of met 0,1:1)

OTKA veminder ✓ (van 39%) tot 23,2% ✓ (of met 15,8%)

Enige geldige kommentaar op bg ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/gedeeltelike antwoorde

- Toename in leen is nie effektief gebruik om winsgewendheid te verbeter/verhoog
- Alhoewel nog steeds 'n positiewe hefboom (OTKA meer as rentekoers), is, is die val in winsgewendheid/afwaartse neiging ‘n bekommernis
- Alhoewel daar ‘n lae finansiële risiko is, maak die maatskappy meer op eie kapitaal staat.

6

**3.2.4**

**Bestaande aandeelhouers is ontevrede dat die nuwe aandele wat op 1 April 2020 uitgereik is, aan die HUB, Ida Shark, verkoop is. Gee TWEE redes waarom jy dink dat hulle gevoelens geregverdig is. Haal syfers aan.**

Kandidate moet twee redes verskaf wat in een verduideliking vervat kan wees

Enige twee verskillende redes ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/ onduidelike antwoord bv.

- Etiese redes bv. Dit is ‘n baie lae prys en die HUB pas onregverdige invloed toe op die uitreikprys / ontvang voorkeur behandeling / teen die Maatskappyewet of King Kode / gebrek aan deursigtigheid
- Markverwante redes: Bv die maatskappy verloor uit op addissionle fondse aaangesien die aandele in daardie prysklas verkoop kon word of op die aandelebeurs verhandel word

Relevante syfer (enige twee): ✓ ✓

Die verkoopprys van hierdie aandele (250 000) is 150 sent elk (R375 000 in totaal) / markprys van 410s oorskry die NBW van 332s.

6

**3.2.5**

**Die Kontantvloeistaat het 'n positiewe verandering van R980 000 getoon. Verskaf TWEE punte waarom dit steeds 'n bekommernis vir die direkteure behoort te wees. Haal syfers aan.**

TWEE punte✓ ✓ Syfers ✓ ✓

Verwagte antwoorde vir een punt elk, syfers een punt elk

- Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite is negatief R148 080
- Addisionele aandele uitgereik, R375 000
- Finansieringsaktiwiteite vermeerder met R1 026 500
- Groot verhoging in lening, R651 500/ hoë rente betalings van R232 000
- Baie hoë betalings van dividende, R925 000
- Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite, R101 580

4

| TOTALE PUNTE |
| --- |
| 35 |

## VRAAG 4

**4.1 Verduidelik waarom 'n gekwalifiseerde ouditverslag nie 'n goeie weerspieëling van 'n maatskappy is nie. Verskaf TWEE punte.**

TWEE punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/gedeeltelike antwoorde

- Sekere inligting van die finansiële state is nie duidelik nie / ontbreek.
- Daar is onvoldoende bewyse vir beduidende items; Ouditeure kan sekere inligting nie verifieer nie
- Gebrek aan interne kontrole; moontlike nalatigheid of sameswering
- Negatiewe impak in die toekoms, gevolge op die beeld / aandelepryse a.g.v. afname in vraag na aandele (van potensiële aandeelhouers).
- Bestaande aandeelhouers kan besluit om hulle aandele te verkoop

**4**

**4.2 Verduidelik waarom dit vir 'n maatskappy belangrik is om nie-uitvoerende sowel as uitvoerende direkteure by die Direksie in te sluit.**

TWEE punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike /gedeeltelike antwoorde

- Uitvoerende direkteure is betrokke by interne funksionering (bedrywighede) van die maatskappy / 'hands-on' / besluite mag gegrond wees op beknopte perspektief.
- Nie-uitvoerende direkteure sal 'n wyer perspektief op die besigheids-omgewing hê en tree in die beste belang van die maatskappy op.
- Die nie-uitvoerende direkteure sal die rol van 'n waghond vervul; hou uitvoerende direkteure in beheer.
- Meer gereelde insette as 'n interne ouditeur of ander direkteure;
- Hulle insette sal onbevooroordeeld en onafhanklik wees
- Hulle deel verantwoordelikheid met die ander direkteure /meer mense het die belange van die maatskappye in gedagte.
- Uitvoerende direkteure sal meer bedag en professioneel in hulle pligte wees/nie getempteer wees om in onetiese aktiwiteite deel te neem nie
- Hoe meer direkteure daar is, hoe meer opinies sal daar wees wat die maatskappy kan bevoordeel
- Die nie-uitvoerende direkteure kan minder betaal word as die ander direkteure (want hulle werk nie op ‘n permanent basis in die maatskappy nie)

**4**

**4.3 Volgens die Maatskappywet moet 'n maatskappy 'n Vergoedingskomitee hê.**

**Verduidelik die rol/verantwoordelikheid van hierdie komitee en gee 'n rede waarom hierdie komitee noodsaaklik is.**

**Verduideliking:** ✓ Let wel: Punt vir die verduideliking kan deel van die rede wees

Hersien alle salarisse, bonusse en ander verdienste

Om te verhoed dat direkteure hulself nie te veel betaal nie

Hulle moet voorstelle goedkeur en raad gee mbt fooie, bonusse ens.

**Rede:** ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Om regverdigheid te verseker/deursigtigheid in die betaling van fooie/ salarisse;
- Om bedrog/korrupsie/vermorsing te voorkom
- Opspoor van swak bestuur of bedrieglike aktiwiteite ;
- Hulle kan die vergoeding/ verdienste teen finansiële inligting van ander maatskappye beoordeel / regverdigheid teenoor werkers.

**3**

**4.4 Direkteure kom gereeld met kliënte in aanraking in 'n poging om oor kontrakte te onderhandel en om verkope en dienste te verbeter.**

**Verduidelik waarom daar 'n maatskappybeleid moet wees dat direkteure alle geskenke, donasies of gunste deur hulle van kliënte ontvang, aan die Direksie moet verklaar. Verskaf TWEE punte.**

TWEE punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Deursigtigheid in die toekenning in kontrakte, tenders of die aanstelling van diensverskaffers;
- Kan veroorsaak dat die mees geskikte kliënt nie aangestel word nie/ hou nie by (ignoreer) maatskappybeleid
- Die beleid sal sameswering van diensverskaffers verhoed
- Direkteure/diensverskaffers sal die gevolge weet van die nie nakoming van beleide en sal dus nie in die versoeking kom om met verdagte aktiwiteite/korrupsie hulle besig te hou nie
- Dit kan gesien word as omkopery vir kontrakte;
- Dit kan as nepotisme (as familie en vriende betrokke is) gesien word
- Om die beeld van die besigheid te beskerm
- Konflik van belange (wat korrup/bedrieglik kan wees)

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou